



Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata

Skribaat : Posbus 31487 Totiusdal 0134 E-Mail : skriba@vgkmaranata.org.za

Kerkkantoor: kerkkantoor@vgkmaranata.org.za ☎ 067 198 2870

Geagte Deputate Liturgiese Musiek,

Soos versoek gee ons graag toeligting soos gevra:

1 IS DIE MODEL WAT GEKIES IS WERKLIK VERSTAAN DEUR DIE KERKE?

Die model is nie eintlik verstaan nie. Ons het die 11 Gesange getoets vir Skrifgetrouheid en die werk is goed deur die brs. Freek van der Meer en Sytze Visser gedoen. Ons was ook in tydnood en dit het ook veroorsaak dat ons nie heeltemal volgens die temas gewerk het nie. Wat ons moes gedoen het was om te bepaal of daar by die geïdentifiseerde tema genoeg Psalms/liedere is wat gesing kan word, en so nie moes ons by die temas waar daar tekorte is Skrifgetroue Gesange gesoek het. Behalwe vir die toets van die 11 gesange, het ons glad nie by laasgenoemde uitgekome nie.

2 WAS DIE MODEL VOLDOENDE BESKRYF IN DIE DEPUTATE RAPPORT VAN 2011?

Dit is beskryf, maar die gemiddelde (minder belese) gemeentelid het dit nie verstaan nie. Waarmee gemeentelid ook te make gekry het, is dat in die nuwe uitgawe van die Psalmboek 'n aantal nuwe Skrifberymings opgeneem is. Dit het nie deel gevorm van die deputate se rapport nie, en het sodoende onduidelikheid veroorsaak. Skrifberymings moes ook deel gevorm het van die ondersoek, dan kan mens 'n beter oorsig kry waar daar moontlike temas wat nie genoegsaam aandag kry in die Psalms en Skrifberymings/Gesange. Ons moet net beseef dat sommige die Skrifberymings in ons Psalmboek eerder gesange is (Sk 24)

3 WAS DIE MODEL 'N TE HOOG GEGREPE IDEEAL WAT ONBEREIKBAAR IS?

Hierdie model is juis bedoel om te beskerm dat die Psalms oorheers gaan word deur ander liedere. Die afgelope jare was daar egter so baie ander sake wat (veral) die kerkraad se aandag opgeëis het, dat daar nie tyd was om ernstige aandag hieraan te skenk nie. Op hierdie stadium is dit, in die lig van beskikbare tyd en ander sake, wel te hoog gegrepe.

4 IS DIT OMDAT DIE SAAK NIE LEEF IN DIE KERKE NIE?

Dit leef wel in ons gemeente. Daar is 'n groep wat baie uitgesproke is, wat dit nie wil sing nie. Almal is nie altyd goed ingelig oor die Gesange, asook oor die bedoeling van die sinodebesluite (soos voorberei deur deputate) nie. In Luther se tyd is daar al gesange gesing. Dit is 'n gemis dat ons nie ook ander Skrifgetroue liedere kan sing nie tot eer van ons hemelse Vader. Ook is daar nog ander liedere in die Skrif self wat nie gebruik word nie.

5 HET ONS AS KERKE DIE WILSKRAG EN KAPASITEIT OM HIERDIEPROJEK VOLGENS DIE SPESIFIEKEMODEL TE LAAT SLAAG?

Daar is mense wat die Gesange graag wil sing, maar die hele gemeente staan nie agter hierdie saak nie. Ons moet dit miskien nie druk nie, maar ons moet wel besin hoe ons verder kan gaan om die voorgestelde model te laat slaag.

6 IS DIT REG OM DIE MODEL EN DIE WERK AAN TE GAAN AS DIT WAT DAARVOOR NODIG IS ONTBREEK?

Daar is gemeentelede wat beswaar gaan maak as die model verder geïmplimenteer gaan word en die tien Gesange in die erediens begin gebruik word. Daar is ook gemeentelede wat beswaar gaan maak as ons besluit om daarvan af te sien. In die verlede is daar al baie studie uit die Skrif gedoen oor die wel of nie sing van Gesange. Op grond van daardie studie het die sinode in die verlede tot 'n gegronde besluit gekom dat Gesange gesing mag word in die erediens. Hierdie studie is ook in Maranata aan die gemeente beskikbaar gestel, maar met verloop van tyd vergeet gemeentelede weer daarvan. Waaraan daar wel nog meer aandag geskenk moet word, is hoe om te voorkom dat die Gesange nie die Psalms op den duur aan die kant gaan skuif nie. Gemeentelede is daarvoor bekommerd, in die lig van wat hulle sien gebeur in die NGKSA, asook in die GKv in Nederland. Hoe voorkom ons dat ons 'n pad met Gesange begin stap wat nie ook daar uitkom nie?

Wat ook in die model meer aandag behoort te kry, is dat ons meer gebruik begin maak van die ander liedere wat daar in die Skrif is.

Al met al is dit 'n omvangryke projek vir 'n klein kerkverband.

Is dit dalk moontlik om 'n persoon te identifiseer wat 'n studie doen oor die Gesange, en op 'n gereelde basis daarvoor in Kompas publiseer? Dit kan help om die saak te laat leef en dat mense nie net 'n mening het nie, maar ook dit inhoudelik kan onderbou.

Met broedergroete namens die kerkraad

Br Hans Pouwels,



Ds PG Boon (voorsitter)



br Paul Bouwman (skriba)